# DIE BELYDENIS VAN BELHAR. ’N GESPREKSDOKUMENT

Prof R M Britz

1. Die Belydenis van Belhar ontstaan in die jare 1979-1986, waartydens dit geformuleer, bespreek en uiteindelik aanvaar was deur die NG Sendingkerk. Binne die ekumeniese, kerklike en teologiese geselskap van die sg. ‘Freedom Struggle/oorgang na demokrasie’ in Suid Afrika, was dit deur beide Christene en kerke met entoesiasme sowel as kritiek en verwerping begroet. Dit is steeds die geval vandag. Binne die Nederduitse Gereformeerde familie is daar steeds gladnie konsensus die inhoud van hierdie belydenis nie.

2. ’n Vrugbare wyse om toegang te verkry en ’n gesprek oor die inhoud van die Belydenis van Belhar te voer, is om dit te spieël in die *Barmer Theologische Erklärung* (1934). Albei konfessies is in dieselfde genre geskryf. Ook die voorstanders van die Belydenis van Belhar, het dikwels op die ooreenkomste tussen die twee belydenisse gesinspeel: die konteks waarin beide ontstaan, die teologiese intensie, die inpak, die betekenisvolheid daarvan, ens. Die vraag is: is daar ook verskille en/of teenstrydighede? ’n Teologies–kritiese vergelyking tussen die twee, bring interessante gesigspunte na vore.
   Onderstaande tabelle en kommentaar met betrekking tot die struktuur, uitgangspunte, Skrif beroep, verwerping van dwalinge, strekking, kerkbegrip en die uitwerking wat dit gehad het, illustreer die punt wat ons wil bespreek en sal hopelik bydra om nadenke te stimuleer:

## A. Struktuur

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| Die Barmen Verklaring is rondom 6 stellings gestruktureer:<br>I Die een en enigste Woord van God, Jesus Christus<br>II God se greep op ons ganse lewe: die gebooie van God en die wêreld waarin Christene lewe.<br>III & IV Die Kerk van Christus en haar diens<br>V Die verhouding tussen Kerk en Staat<br>VI Die roeping van die Kerk om die Evangelie te verkondig. | Die Belydenis van Belhar is struktureel in 5 artikels omskryf:<br>I Die Drie-enige God skep en bewaar sy Kerk.<br>II Teen die agtergrond van rassisme en apartheid, word die belang van die eenheid van die Kerk onderstreep.<br>III Die Kerk se boodskap van versoening.<br>IV Die kerk se verpligting om haar te beywer vir geregtigheid.<br>V Belydenis en dade is onafskeidbaar. |

*Kommentaar*: Die verskil is ooglopend: Barmen is Christologies terwyl Belhar ekklesiologies gestruktureerd is. In konkrete terme beteken dit Barmen, teenoor die natuurlike teologie soos gekontekstualiseer in Nazi Duitsland, fundamenteel gekies het vir ’n duidelike Chistologiese uitgangspunt as die enigste werklike waarborg teen alle vorme van natuurlike teologie. Teenoor die natuurlike teologie soos gekontekstualiseer in Suid Afrika van voor 1994 (d.i. morele en teologiese verdediging en sanksie van apartheid), is Belhar se fundamentele uitgangspunt om die

natuurlike teologie aan te spreek, die ekklesiologie. Die vraag is egter of Belhar se keuse in der daad die oogmerke en doelstellings van die natuurlike teologie kan ontbloot - en of dit in der waarheid daarin geslaag het – en het die geloof in die waarheid van die genade Gods en die verlossing in Christus herstel? Is dit nie 'n feit dat enige/alle 'kerk-teologie/belydenisse die gevaar loop om natuurlike teologie te word (of dele daarvan te akkommodeer nie)? Met ander woorde: was en is ekklesiologie die onvervangbare antwoord op die natuurlike teologie in ons land?

## B. Uitgangspunt

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • In die eerste stelling is die onderliggende uitgangspunt te vinde. Dit is 'n konkrete Bybelteks, in der waarheid die direkte woorde van Christus (Joh. 14:6; Joh. 10:1,9). Hierdie Woord skep ware Bybelse uitleg, dit bely en verkondig Christus en repudieer die teologie van die sg. 'Deutsche Christen' | • Die onderliggende uitgangspunt is artikel I. Daar is geen verwysing na enige konkrete Bybel teks nie. Dit bely die kerk se geloof in die Drie-enige God en herinner aan die Heidelbergse Kategismus V&A 54, sonder om die HK aan te haal, waardeur sekere fundamentele kwessies van die HK uitgelaat word. Dit gee aanleiding tot 'n belydenis met slegs enkele Bybelse verwysings apartheid in kerk en staat te verwerp. |

*Kommentaar:* Die konkrete, lewende en direkte woorde van Christus in Stelling I (en die ander stellings!) is die ruimte, die spasie waarbinne die Barmer Erklärung uitdrukking vind.

Die Kerk en die eenheid van die Kerk soos gestipuleer (in terme van 'n *Status Confessionis*) in artikel I, (en gevolglik gespesifiseer in artikel II en by implikasie in al die ander artikels) is die ruimte, die spasie waarbinne die Belydenis van Belhar uitdrukking vind. Dit is opmerklik dat Belhar nie die onderskeid tussen Gods skeppingswerk en sy verlossingswerk, spesifiseer nie. In Belhar wil dit voorkom of die kerk die eintlike werk van God is, van die skepping tot aan die einde van die wêreld. Die teologiese risiko van so 'n standpunt is dat die wêreld nie alleen verstaan of gesien word as tipe kerk nie, maar ook dat 'n besondere beeld of begrip van die kerk self die kriterium word wanneer wêreldse, kontekstuele, en politiese aangeleenthede krities beoordeel word. Meer nog: die Kerk is en bly bevlek met sonde. Sodoende word Christus en sy lewende Woord wat deur die Heilige Gees as Evangelie in en aan die wêreld bedien moet word, ekklesiologies verduister.

## C. Skrifberoep.

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • Die Skrif word direk aangehaal - direk, konkreet en beslissend.<br>• Dit is Christus se woorde teenoor valse dogma. | • Die Skrif funksioneer as 'n substruktuur of fondasie in terme van passasies en die seleksie van tekse. |

| | |
|---|---|
| • Daardie woorde spreek die valse leer aan en laasgenoemde word juis verwerp as gevolg van die woorde | • Die leser /ontvanger/belyer moet self die Skrif verwysings opsoek en/of vergelyk om sodoende die Bybelse gronde vir die verwerping van die kettery/valse dogma te begryp. |

*Kommentaar:* Egte belydenis is slegs dan moontlik as daar eers in gehoorsaamheid na die Skrif geluister is, omdat die Skrif die sprekende stem van Christus is. Die Skrif is nie vroom getuienisse oor of ervarings van God nie. Gevolglik is die spesifieke gebruik van, beroep op en bediening van die Skrif in beide Barmen en Belhar, nie alleen 'n duidelike aanduiding van die hermeneutiese en eksegetiese posisie t o v hul Skrifbeskouing en die gesag van die Skrif nie, maar bring in der waarheid ook die vraag na vore of hierdie onderskeie kerke gevolglike ook dieselfde Skrifbeskouing volg in hulle omgaan met alle teologiese aangeleenthede, bv. die Christelike huwelik, homoseksualiteit, die vrou in die amp, feminisme, sending ens. Leer, teologie en lewe kan nie geskei word nie.
'n Tweede opmerking is genoodsaak. Die enigste Bybel teks wat nie beide Barmen en Belhar aangehaal word is Ef 4: 1 – 16. Barmen beklemtoon daarmee dat die kerk die eiendom of besitting van Christus is. Belhar beklemtoon nie die Christologiese dimensie van die teks nie. Vir Belhar dui die teks veel eerder op die krag van (en die verpligting tot) die eenheid van die kerk. Is dit nie na alles 'n aanduiding van 'n verskil in aanwending (en dus die verstaan) van die Skrif nie? Impliseer dit dat die opstellers van Belhar sig 'n aantal tekse toegeëien het om 'n bepaalde teologiese posisie te ondersteun? Dit moet baie versigtig oorweeg word, aangesien die politieke 'teologie van apartheid' ook gefundeer was op die toeëiening van bepaalde tekse.

## D. Verwerpings

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • Via 'n Bybel teks eindig elke tese in 'n verwerping.<br>• Daar is geen voorneme tot enige verdere dialoog of gesprekvoering met die valse leer nie. | • Artikel II – IV bevat of eindig met verwerpings.<br>• Die Belydenis van Belhar eindig oop in so verre as wat dit 'n ..... konsep van die waarheid (vgl o.a. die Belydende Brief, die Formulier vir die ondertekening van die Belydenisse van die VGKSA).<br>• Hierdie konsep t o v sekerheid word egter verduister deur die finale verwerping van apartheid. |

*Kommentaar*: Sekerheid is kern van kerklike belydenisse. Hierdie sekerheid is gewortel in die stelligheid en sekerheid van die beloftes van Christus, op die sekerheid dat God nie vir ons en die werke van sy Hande sal laat val nie. Dit is die geestelike krag en vermoë van 'n belydenis. Sy sekerheid is nie gebaseer op filosofiese of historiese konsepte van die waarheid nie. In hierdie wêreld kan dit bely word sonder die (onafwendbare) hulp van hermeneutiese sleutels en nadenke.

In sy struktuur, formulering, intensie en verwerpings is Barmen baie nader aan bogenoemde oortuigings as wat Belhar is. Die voorvereiste om die betekenisvolheid en krag van Belhar te begryp, is om konteks te ken en ook om *Belhar se* vooraf verstaan en oordeel oor die situasie te aanvaar. Dit is nie van toepassing op Barmen nie.

## E. Reikwydte

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • Die fokus is op die bedreiging en impak van leerstellinge binne die kerk.<br>• Die staat word positief geëvalueer<br>• Barmen impliseer dat Christus die sin en betekenis van die geskiedenis is. | • Die fokus is nie alleen op binne kerklike leerstellings nie;<br>• Die fokus is op ’n ideologie en wêreldbeskouing.<br>• Die belydenis takseer/beoordeel/ maak uitspraak oor die geskiedenis van Suid Afrikaners.<br>• Die belydenis impliseer ’n polities –etiese posisie van die kerk.<br>• Die kerk word die norm waaraan die konteks gemeet word.<br>• Die staat word negatief beoordeel. |

*Kommentaar*: In die derde tese bely Barmen dat die kerk nie haar boodskap *en* orde aan die veranderende en heersende wêreldbeskouinge en politieke oortuigings kan of mag kapituleer nie. Geen wêreldbeskouing of ideologie kan in die kerk heers nie. Belhar, in artikel 4, stel dit nie op hierdie wyse nie. Inteendeel, Belhar word een van baie stemme wat opgaan teen ’n heersende ideologie en politieke dispensasie, wat beteken dat die belydenis die kerk onafwendbaar in die politieke arena inbring, wat ’n bepaalde eties – politiese keuse en standpunt impliseer. In die verband word ’n ekstreme formulering gebruik: Die kerk staan waar God staan, aan die kant van die onderdrukte ... , ens. Die vraag is of die kerk nie hier aanspraak maak op iets wat sy nie kan vervul of te uitvoer kan bring nie? Trap die kerk nie in die slaggat van ’n religieus – ideologiese magspel waardeur sy haar fisiese en geestelike moontlikhede, selfs ook haar – deur Christus gegewe en bepaalde - mandaat oorwaardeer nie? Belhar vereenselwig die versoening van die mens in Christus so eng met realiteit van ’n sigbare kerk, dat die onderskeid tussen Christus en die kerk en gevolglik haar afhanklikheid van die genade van God, op die agtergrond skuif. Dit openbaar iets baie anders as die blymoedige redding en verlossing tot dankbare diens aan Christus in die gemeenskap en die nie – geredde wêreld as ’n beliggaming van die handelinge van Christus. So gee Hy bv die *versorging* van die armes aan die diakens. Dit is hoe Christus betekenis gee aan die geskiedenis in terme van die *Providentia Dei* in ’n ongeredde wêreld wat die kerk haat.

## F. Kerkbegrip

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • Die kerk van Christus<br>• Afhanklik van die handelinge en werk van Christus deur die Gees | • Die sigbare geïnstitusionaliseerde<br>• Kerk (vgl kerk samestelling, lidmaatskap, ens.) |

| | |
|---|---|
| en die Skrif.<br>• Soteriologies - ekklesiologies | • Die kerk as die sigbare verwerkliking van versoening.<br>• Afhanklik van die handelinge en rol van die kerk.<br>• Ekklesiologies - soteriologies |

*Kommentaar*: Belhar impliseer en onderstreep die 'versoenings – kwaliteit' van die sigbare kerk sonder om in gedagte te hou dat die kerk self sondig is en nie kan doen wat Christus alleen kan nie. Barmen gaan nie langs hierdie weg op nie. Dit wys baie duidelik op Christus en al belydend, luister hy steeds na die Woorde van Christus.

## G. Effek

| BARMEN | BELHAR |
|---|---|
| • Wie praat?<br>• Met wie?<br>• Waaroor?<br>• Met watter resultate? Ook vir die Deutsche Christen beweging. | • Wie praat?<br>• Met/tot wie?<br>• Waaroor? (Die pad na Christus, die Drie Formuliere van Enigheid? Die Heidelbergse Kategismus? )<br>• Met watter resultate? Vir die blanke Nederduitse Gereformeerde Afrikaners? Vir die swartes? Vir ryk en arm, ens.? Vir Moslems? Vir die wêreld? |

*Kommentaar*: Die realisering van geregtigheid, versoening en eenheid in die wêreld moet verstaan word in terme van God se geregtigheid in Christus, in Wie Hy die mense hulle sondes en hulle verlede vergewe.